

Inhoud Hierdie preek wys op die verskil tussen vergifnis uit die geloof in Christus se regverdigmaking van sondaars en vergifnis as die manier waarop mense mekaar probeer reg kry en hul sondes teenoor mekaar probeer reg maak.

Skriflesing Matteus 18: 21 – 25; Rom. 13: 8 – 10.

Teks Matteus 18: 35: “So sal my hemelse Vader ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie.

Tema Christus maak vergifnis liefde.

1. Jesus Christus laat gelowiges se vergifnis vir mekaar heeltemal anders werk as die manier waarop alle geestelikhede van hierdie wêreld se vergifnis werk. Jesus Christus maak vergifnis liefde. Daarom vergeef gelowiges vergeef mekaar uit liefde om mekaar te kan liefhê. Hulle vergeef mekaar nie om hulleself vir mekaar reg te kry en reg te maak nie.

Dit is die verskil tussen beperkte en voorwaardelike vergifnis en onbeperkte en onvoorwaardelike vergifnis!

Vergeef ons mekaar uit liefde om mekaar lief te hê of vergeef ons mekaar om mekaar weer reg te maak vir mekaar?

Paulus som die nuwe manier van vergifnis op in hierdie een sin: “Wees aan niemand iets verskuldig nie, behalwe die verpligting om mekaar lief te hê.” (Rom. 13: 8) Die plig om mekaar te vergewe, is in Christus niks meer anders as die plig om mekaar lief te hê nie.

Hierteenoor staan Petrus, die dissipels en die hele Joodse godsdiens se plig om mekaar reg te kry en mekaar reg te maak deur vergifnis!

2. Petrus vra Jesus hoeveel keer sy volgelinge as Messias mekaar sal moet vergewe, met die implikasie dat dit vir dieselfde sonde is.

Daarom moet ons goed besef wat Petrus met hierdie vraag aan die orde stel. Dit gaan oor hoe Jesus as die Christus sondes gaan vergewe en daarom oor hoe Christene mekaar vir sondes gaan vergewe.

Die toets oor hoe Jesus en sy volgelinge sondes gaan vergewe, is die vraag oor hoeveel keer Christus en sy volgelinge dieselfde sonde gaan vergewe!

Ons mag nie die fokus en bedoeling van hierdie vraag verloor nie. Dit gaan oor sonde en sondevergifnis! Ons mag nie Jesus se antwoord oor hoe vergifnis binne sy koninkryk gaan werk verander na ander sake soos byvoorbeeld hier sien ons hoe Jesus se geldleningskema werk nie. So asof Jesus hier wys jy moet altyd alle slegte skuld onvoorwaardelik afskryf en weer aan mense wat by jou slegte skuld het geld uitleef nie.

Die saak gaan oor vergifnis van sonde, nie oor hoe slegte skuld en lenings werk nie. Jesus gebruik die gelykenis as voorbeeld vir hoe Hy sondes vergewe en daarom hoe sy volgeling sonde moet vergewe.

Daarom mag ons hierdie openbaring oor vergifnis nie verander na sake soos

- Jy moet iemand wat gesteel het weer in 'n posisie plaas om geld te hanteer nie.
- Jy moet 'n alkoholis se woord aanvaar wanneer hy belowe hy sal nie weer drink nie.
- Jy moet iemand wat sy mag misbruik het, weer mag gee nie, soos dit nou in die verkiesing ironies genoeg van kiesers gevra word.

3. Die vraag se fokus en bedoeling is helder en duidelik! Dit gaan spesifiek oor Jesus se volgeling se sonde teen mekaar en hoe hulle as volgeling van Jesus mekaar vergewe. Daarom die kwalifikasie wat Petrus gee: "Here, hoeveel keer sal my broer teen my sondig en ek hom vergewe?"

In 'n sekere sin gaan dit dus hier ook nie oor hoe jy alle mense se sonde vergewe nie, maar spesifiek hoe Christene as broers en susters mekaar se sonde moet vergewe.

Met hierdie vraag word ook spesifiek gevra hoe Jesus Christene se sonde vergewe sodat Petrus as volgeling van Jesus ook soos Jesus sy mede-broers en susters soos Jesus sy Messias sal vergewe.

Die antwoord is net so helder en duidelik soos Petrus se vraag: Christus vergewe sonde onbeprek en onvoorwaardelik. Dieselfde sonde word deur Christus sewentig maal sewe keer vergewe. Elke keer, aanhoudend sonder ophou! Altyd onvoorwaardelik!

Dit is die openbaring wat die Here gee oor hoe Hy sonde vergewe in hierdie gelykenis.

4. Die gelykenis wys dat sondeskuld van gelowiges teenoor mekaar so groot is dat gelowiges dit reg self kan reg maak nie.

Die voorbeeld is juis slawe wat nie skuld kan reg maak nie. In ons geldwaarde gereken skuld hierdie slaaf miljoene rande, met inflasie ingereken, miljard rande terwyl hy net die minimumloon van vandag ontvang.

Hierdie arbeider kan op geen manier hierdie skuld reg maak nie. Dit is die patetiese van sy optrede – hy dink hy kan oor die afbetaling onderhandel deur 'n nuwe skikking van die voorwaardes vir die afbetaling. Hy soek net meer tyd om te werk en meer geld te verdien. En hy glo homself! Hy glo homself dat hy kan skik vir nuwe afbetalings-voorwaardes vir miljard rande se skuld terwyl hy net 'n minimumloon verdien

Hoekom?

Want hy kan net dit doen: nuwe leë beloftes van skuldvereffening maak met net dieselfde werk waarmee hy nooit sy beloftes sal kan nakom nie!

Dit is hoekom hierdie koning hierdie slaaf jammer kry en barmhartig is. Hy sien hoe hierdie slaaf nog steeds glo hy kan iets aan sy skuld doen en daarom spartel hy in hierdie wangeloof om te onderhandel vir nog tyd en nog geleentheid. Die koning wet dat geen nuwe skikking, reëlins, ondernemings of voorwaardes hierdie slaaf kan help nie. daarom doen die koning wat die slaaf in sy eie magteloosheid nie kan doen nie – Hy neem die skuld weg.

5. Christus wys met hierdie gelykenis dat Hy 'n nuwe tipe vergifnis skep en gee wat heeltemal iets anders is as die tipe vergifnis waarmee die Jode en ook sy dissipels op hierdie oomblik mee besig was. Christus kom maak nie die vergifnis van die Jode onbeperk nie. Christus verander nie die Joodse vergifnis deur dit vergifnis sonder opbou te maak nie. Hy skep 'n ander tipe vergifnis.

Christus vergeef ons om in ons plek die onheilige wie ons is te wees en ons in sy heiligheid te laat deel om só altyd heilig vir God se liefde te wees; Hy is ons ons plek die aangeklaagde en veroordeelde sonder sodat ons eerbaar vir God kan wees; in ons plek is Hy die vervloekte sodat ek dankbaar vir God kan leef as altyd geseënd; en ons plek is Hy die skuldige sodat ons altyd met sy beloning leef en in ons plek is hy die verwerpte sonder sodat ons altyd God se geliefde kinders is.

Die nuwe tipe vergifnis wat die Here skep is regverdigmaking.(Rom. 1: 16.17) Hy gewee deur ons vir God se liefde reg te maak en reg te hou.

Hoe hierdie tipe vergifnis, regverdigmaking deur God, nuut is sien ons in die optrede van die slaaf wie se skuld kwytskeld is. Hy verteenwoordig die Joodse, en daarmee eintlik alle ander soort vergifnis as die Here Jesus se vergifnis.

Sy houding na hy sy eienaar vir hom miljarde rande se skuld kwytskeld het teenoor 'n medeslaaf is om vir R 8000.00 tronk toe laat gaan tot hy alles self reg gemaak het. Hy eis dat sy skuldenaar homself moet reg kry en sy skuld moet regmaak.

Hiermee wys hy wat glo hy het sopas met hom gebeur! Hy het met die wangeloof teenoor sy eienaar verklaar dat hy homself sal reg kry en alles sal regmaak. Hy het homself verneder, sy berou betoon, beloftes gemaak en sy opregtheid gewys. Hy glo hierdie leuen voor en na die kwytskelding van sy skuld – ek het alles reg gemaak, terwyl sy eienaar alles reg gemaak het.

6. Die leuen wat die slaaf geglo het is dat vergifnis regstellende aksie is: vergifnis is om jouself reg te kry en wat jy verkeerd gedoen het, reg te maak!

Met hierdie leuen wat die slaaf oor vergifnis glo, minag hy die vergifnis wat hy ontvang het. Voor, in en na die vergifnis wat hy ontvang het, glo hy steeds hy kan en sal alles self reg kry en reg maak. Só glo hy sy selfverneder en leë beloftes is hoe hy alles reg gekry en gemaak het.

'n Nuwe soort vergifnis anders as die wat mense in glo! Dit is wat Jesus deur sy lyding en opstanding skep. In Christus maak God self sonde en sondaars reg vir God se liefde. Hiermee beëindig die Here die bedeling van sondevergifnis as die wyse waarop mense mekaar reg kry en reg maak.

In Christus ingesluit in wie Hy as mens in die hemel vandag is, laat Hy my vir God se liefde, heilig, reg, goed, verheerlik en aanvaarbaar wees. Só maak hy my reg vir liefde en dit is vergifnis deur Christus.

Hoe vergeef ons dan mekaar?

Die misgissing van alle geestelikes is dat jy nou soos Jesus mense moet vergewe! Jesus is nie 'n voorbeeld van onbepaalde vergifnis nie. Ons kan nie vergewe soos Jesus nie want Jesus maak mense heilig en reg vir God se liefde. Ons vergeef mekaar deur aan Christus se vergifnis vir ons te glo! Dit is hoe vergifnis in die evangelie openbaar word: ons glo aan die vergifnis van sonde in ons geloof in Jesus se geboorte, lyding en opstanding.

Ons vergeef mekaar nuut en anders deur vir mekaar te glo dat die Here Jesus ons vir die sondes wat ons teen mekaar doen, reg gemaak het en vir sy liefde reg laat wees. Ons glo nie dat ons met ons vergifnis vir mekaar, ons mekaar reg kry en reg maak nie.

Wie vir mekaar glo dat die Here hulle vir Hom en mekaar reg gekry en reg gemaak het vir Sy liefde, is vergifnis van mekaar totaal iets nuuts en anders as vergifnis buite die geloof aan die vergifnis van die Here.

7. Die nuwe wyse waarop gelowiges mekaar vergewe verwoord Paulus in die sin waarin hy die gevolgtrekking maak oor hoe hulle wat Christus geregtig het nou teenoor mekaar optree: Wees aan niemand iets verskuldig nie behalwe die verpligting om mekaar lief te hê."

Wanneer gelowiges vir mekaar jammer sê oor wat hulle teenoor mekaar verkeerd gedoen het, kan hulle nie meer jammer wees oor hulle skuldig teenoor mekaar is nie. Deur hulle geloof aan Christus se vergifnis kan hulle mekaar nie meer iets vir oortredings skuld nie. Gelowiges is jammer oor oortredings teen mekaar omdat hulle mekaar lief het en dit hulle enigste verpligting teenoor mekaar is binne die geloof aan die vergifnis van hul sondes. Hulle is jammer oor wat nie liefde was nie.

Wanneer gelowiges teenoor mekaar oortredings erken, kan dit nooit selfvernederend, selfbeskuldigend, selfveroordeelend, selfaanklagend of selfverwerping wees nie. Dit is uit liefde vir mekaar net die erkenning van dit wat nie liefde was nie. Net dit!

Wanneer gelowiges mekaar om vergifnis vra, is dit nie om mekaar reg te kry en reg te maak wat verkeerd is nie. Uit die geloof dat Christus hulle reg maak, is om vergifnis vra die versoek om mekaar weer te mag liefhê.

Net so maak gelowiges nie aan mekaar beloftes oor hoe hulle hulself reg sal kry of reg sal maak nie, maar is hul beloftes om hulself innerlik weer te verbind tot liefde.

Hierdie nuwe tipe vergifnis wat die Here skep, verskil radikaal van die tipe vergifnis waarin die Jode geglo het en Petrus meer en beter wou maak. Vergifnis as manier waarop mense mekaar en dit wat hulle verkeerd gedoen het wil reg maak, skaf die Here af vir sy manier om alle sonde reg te maak sodat vergifnis vir sy kinders vir mekaar net liefde is en nooit weer regstellende aksie vir en teen mekaar an wees nie.

8. As vergifnis is om jouself of ander se sondes reg te kry en reg te maak, hoeveel keer kan jy iemand vergewe?

Die Jode het gesê so drie of vier keer. Petrus het dit verdubbel na 7 keer. Na sewe keer kan die tipe vergifnis waarmee Petrus en die Jode gewerk het, nie meer werk nie. Hierin is Petrus reg! In die vergifnis waarin hy geglo het, kan 'n mens nie meer as sewe keer vergewe nie. Want na sewe keer sal dit mos duidelik wees dat die een wat vergewe word, nooit hom of haarself gaan reg kry nie, maar waarskynlik met hierdie tipe oortredings gaan aanhou. Dit sou naïef wees om na sewe keer nog te wil glo dat só 'n persoon hom/haarself sal regkry en wat hulle gedoen het sal kan reg maak.

Jesus gee nie die opdrag dat ons met hierdie tipe vergifnis moet aanhou omdat mense een of ander tyd hulle self sal reg kry of wat hul gesondig het sal reg kan maak nie.

Jesus skep 'n nuwe tipe vergifnis waarin ons glo dat Hy ons reg maak vir sy en ons liefde vir mekaar deur ons sondes en sondigheid op Hom te neem. Só maak die Here ons vergifnis vra en gee net die wyse waarop ons mekaar weer liefde gee en liefde ontvang.

Wanneer vergifnis net die wyse is waarop ons mekaar liefhet, kan daar geen beperking of voorwaarde meer oor hoeveel keer ons mekaar kan vergewe nie, want om mekaar lief te hê ken geen grense, beperkings of voorwaardes nie. Vir wie vergifnis liefde is en nie regstellende aksie nie, kan mekaar aanhoudend sonder enige beperking vergewe.

9. Die Here Jesus wys met sy gelykenis dat jy nie vir jouself een soort vergifnis kan glo maar jou mede-gelowiges op 'n ander manier kan vergeef nie en verklaar: "So sal my Vader ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie."

"Van harte vergewe" beteken om mekaar uit en tot liefde te vergeef. Wie glo aan die Here Jesus se vergifnis, vergeef van harte en nie as 'n manier van regstellende aksie nie. Dit is vergifnis wat liefde is en nie vergifnis vir wie hulle self reg kry en wat hulle verkeerd gedoen het reg maak nie.

Christus verklaar dat wie net sogenaamd vergewe vir wie hulle self reg gekry en hul oortredings reg gemaak het, sal deur God self só behandel word: God sal jou nie vergewe nie, ten sy jy al jou skuld self reggemaak het en jouself reggekry het nie.

Daarom is die Here se verklaring nie 'n voorwaarde om deur God vergewe te word nie, maar die bevestiging dat sou jy regstellende aksie van jou medegelowiges eis

voor jy vergewe, God jou ook voor jou eie eis van regstellende aksie sal stel vir sy vergifnis.

Want jy kan nie in twee soorte vergifnis glo nie, een wat jy van God kry maar 'n ander waarmee jy vergewe nie. Of jy glo dat die Here Jesus Christus jou regverdig maak en glo aan jou medegelowiges se regverdigmaking sodat julle mekaar net uit en tot liefde vergewe, of jy moet jouself regverdig vir God deur vir jou eie sondes te vergoed en jouself reg te kry en dan vergeef jy net hulle wie hulle sel regkry en hul oortredings regmaak.

Hoe vergeef ons as gelowiges mekaar?

Vergewe ons mekaar om mekaar reg te kry of net omdat ons vir mekaar lief is omdat ons aan mekaar se regverdigmaking deur Christus glo?

Kom ons breek met die wangeloof van vergifnis as regstellende aksie en kom ons vergeef mekaar omdat ons mekaar as geregverdig in Christus aanvaar en mekaar só lief het.